

GROEI DIEPER DEUR LOFPRYsing

VOICE OF TRIUMPH through PRAISE & WORSHIP

**The question is not how much is God present to us,
but how much are we present to God
(2Kor 3:18)**

As Christene moet ons die waardes van God nie net op 'n Sondag uiteleef nie, maar ons moet dit weer terugbring in ons gemeenskap. God stel nie belang in ons godsdienstigheid nie. God stel belang in hoeveel ons soos JESUS geword het sedert ons ons lewens aan Hom oorgegee het! As Christene moet ons aan die wêreld daarbuite demonstreer dat dit wat ons het die waarheid is. En om dit te kan doen moet ons dieper en dieper en dieper groei. Daar is net een manier om dieper te groei en dit is: ***Joh 14:23 Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.***

- Waar woon God? (***Psalm 22:4***)
- Wie gee vir ons die lofsange? (***Psalm 40:4***)
- Wat/Wie moet ryklik in ons woon as ons God se lofsange wil besing? (***Kol 3:16***)
- Wat is die grootste gebod in die Bybel (***Matt 22:36-40***)
- Is die grootste gebod 'n voorstel of 'n opdrag?
- Watter keuse het jy? ***Gehoorsaam of Ongehoorsaam***

ONS MOET GOD LIEFHÊ MET ALLES WAT ONS HET

(Mark 12:30; Luk 10:27)

Is Gees	- Geloof, hoop, gebed, aanbidding (geestelike insig)
Het 'n siel	- verbeelding, gewete, redenasie, geheue, emosies
Woon in 'n liggaam	- oë, gehoor, ruik (neus), mond, gevoel

As liefde die grootste bevel is, waarom maak ons dan musiek in die kerk? Is lofprysinge dan musiek? Nie noodwendig nie. Is dit makliker om God lief te hê, of om te sing?

- Dit het God niks gekos tot Hy gesê het: **“Ek is lief vir jou”** nie.
- Liefde is nie 'n sê-ding nie – liefde is 'n doen-ding.
- Liefde is nie 'n gevoel-ding nie – dit is 'n doen-ding.

- As jy liefhet, is jy gehoorsaam. Dit gaan nie daaroor dat jy dit doen wat jy weet werk nie. Dit gaan oor: kan jy jou liefde bewys?
- Geloof. Jy kan al die geloof in die wêreld hê. Maar geloof sonder die werke is dood. (**Jak 2:20, 26**)
- Ons sê ons het lief. Watter werke bewys ons liefde. (**Joh 15:14**)

LIEFDE IS DIE FONDASIE

- Liefde word ontwikkel deur kommunikasie en ommunikasie lei tot intimiteit.
- As jy My liefhet, sal jy die werke doen.
- Dit is wat God soek van jou en my – intimiteit. Nie ons liede nie – intimiteit.
- Liede het die plaasvervanger vir baie mense se intimiteit met God geword. Ons het dit baie goed reggekry om God uit te sluit.
- Wanneer jy sê dat jy God liefhet word jy verteer met die liefde vir Hom. Jy word verteer met die liefde vir die objek waarvoor jy lief is. *You become like the object of your affection*

Psalm 40:4 En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse God. Baie sal dit sien en vrees en op die HERE vertrou. Ek wil so ver gaan as om te sê dat die nuwe lied nie net 'n lied is wat ek en jy op 'n Sondag sing nie. **Maar 'n nuwe lied, is 'n gesindheid, 'n opgewondenheid wat God in ons plaas.** Gesegde: maar nou sing hy 'n ander deuntjie. Tensy God nie die lied in jou mond plaas nie, kan jy kerkliedjies sing tot jy blou word, dit gaan nie vir jou oorwinning gee nie. Om 'n lofprysingslewe te leef gaan nie daaroor om kerkliedjies te sing nie. Basis is liefde, die oorsprong is God. (**Joh 1:1 AOV**) ***In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. (Joh 1:2 AOV) Hy was in die begin by God.***

STAP 1

OM DIEPER TE GROEI IN GOD HET TE DOEN MET DANKBAARHEID WAT SLEGS GAAN KOM DEUR DIE INPLANTING VAN DIE WOORD IN JOU HART

(Psa 100:4) Gaan sy poorte in met lof (Psa 100:4) Enter into his gates with thanksgiving. Dit is 'n bevel. Dit is nie 'n voorstel nie.

Jy het twee keuses. Ja / Nee - Gehoorsaamheid / Ongehoorsaamheid

As jy wil dieper gaan, as jy in God se teenwoordigheid wil gaan, sê die Woord hier: ***gaan in met lof.*** God sê: “as jy wil dieper gaan in My, moet jy 'n lewe van lofprysing leef”. Mense wat se gees dood is, kan God nie loof. Die Woord is die swaard van die Gees.

PRAKTIES

Lees deur die Psalms en elke keer wanneer dit praat van God se onfeilbare liefde, *highlight* of onderstreep dit. Gebruik dit in jou gebede en lofsange tot God en spreek dit uit in die atmosfeer! Spreek dit uit in geloof!

STAP 2

DANKBAARHEID SAL OORVLOEI NA LOFPRYSGING

(Psa 100:2) Dien die HERE met blydschap; kom voor sy aangesig met gejubel. (Psa 100:3) Erken dat die HERE God is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk en die skape van sy weide.

- Ondankbaarheid: kritiseer, sê sleg, takel af, is met niks tevrede, sien net die verkeerde, is geestelike onvolwasse, weet presies wat verkeerd is, maar doen self nie die regte ding nie.
- Dankbaarheid: is vergenoegd, is opgewonde, sien uit na, het blydschap. Ondankbaarheid kan God nie loof nie.

‘n Vreugdevolle Christen is ‘n oorwinnende Christen. Stop en dink hieroor vir ‘n oomblik. ‘n Christen met ‘n verslane gees het nie vreugdevolle lofprysinge nie. ***(Neh 8:11) Wees dan nie bedroef nie, want die blydschap in die Here – dit is julle beskutting.*** Mense wat onder die juk van sonde loop kan God nie met blydschap dien nie. Vreugde en vrolikheid kom wanneer jy weet jy is vry. Wanneer jy weet jy is nie veroordeel nie. Wanneer jy weet jy is vergewe en die wêreld het nie meer ‘n houvas op jou nie. Maar solank die wêreld ‘n houvas het...

KENMERKE / RESULTAAT / UITWERKING VAN SO ‘N LEWE

Psalm 40:4 En Hy het ‘n nuwe lied in my mond gegee, ‘n lofsang tot eer van onse God. Baie sal dit sien en vrees en op die HERE vertrou.

- ‘n Lewe van lofprying kan gesien word in ons gedrag, taal, houding, ens.
- ‘n Lewe van lofprying veroorsaak dat ander op die Here vertrou.
- ‘n Lewe van lofprying het dankbaarheid.
- ‘n Lewe van lofprying leef in die geloof en nie volgens wat hy/sy sien nie.
- ‘n Persoon met ‘n lewe van lofprying word verteer deur sy liefde vir God. Wanneer ek nooit die Woord van God oopmaak nie – nie weet wat Hy sê en wie Hy is nie, aan wie/wat word ek gelykvorming? Wanneer ek heeldag voor die hell of vision lê, aan wie/wat word ek gelykvorming. Musiek? Ongehoorsaamheid aan ouers? Ondankbaar? Nie lofprysinge tot God gee nie? Rook, drink, vloek, skel, partytjies – komprombeer.

(Deut 10:21) Hy is jou lof, en Hy is jou God wat hierdie groot en vreeslike dinge wat jou oë gesien het, aan jou gedoen het.

- Hy is jou lof: nie die kerk of die oulike pastoor nie. Hy – God is jou lof.
- 'n Lewe van lofprysing bring jou nader aan God, nie verder van Hom nie.
- As jy deur jou liefde vir die *hell of vision of television* / wêreldse musiek verteer word, sal jy nie nader aan God beweeg nie en sal jy nie Sy stem ken en hoor nie.

VOORBEELD VAN SO 'N LEWE

Hand 16:16-34

- 'n Lewe van lofprysing verander die atmosfeer. **Daar is altyd iets besig om te gebeur in die atmosfeer.** Die vrou met waarsêende gees wat agter hulle aangegaan het, sê vir my: **iets boos gebeur in die atmosfeer.** Paulus het vrou bestraf en gees het uit haar gegaan. Dit het veroorsaak dat mense Paulus en Silas in tronk gegooi het.
- Paulus en Silas het gebed in die **“middernag”** van hul krisis en uit dit het lofsange begin voortspruit, so hard dat die hele tronk hulle kon hoor. Hul was verteer met hul liefde vir God en het in gehoorsaamheid geleef, evangelie verkondig.
- Begin God prys in **“middernag”**, almal sien en hoor, God se krag werk, mense vrees en vertrou op God, kom tot bekering.

(Psalm 57:8) “In my hart is daar ‘n vaste vertroue, o God, en daarom kan ek sing en musiek maak.” Wanneer jou omstandighede en mense jou getrouheid aan God bepaal, is daar fout.

Lofprysing kan die atmosfeer in jou huis verander. Sit bietjie televisie af, speel praise and worship musiek. Ons moet ons lewensstyl verander.

As jy werklik ernstig is, skep ‘n nuwe lewensstyl. Voorbeeld: Van nou af gaan ons almal saam eet om die tafel en kuier en gesels oof die dag se gebeur en na aandete gaan ons bietjie liedjies sing die Here loof en prys en huisaltaar hou. Jy het nie die televisie nodig om te oorleef nie. Jy het God nodig!

DIT IS JOU KEUSE. WAT SAL DIT WEES?

- **Begin jou dag met lofprysing. Sal jou hele dag affekteer.** Jou nuwe lewenskrag gee wat jy nog nooit gehad het nie. Sal uitkyk op die dag verander.

- **Om God te loof en te prys affekteer jou emosies.** Ons kan ons emosies in lyn met die Woord van God hou en stabiel hou deur ons harte met lofprysinge te vul.
- **Negatiewe gesindhede word positief wanneer jy die Here loof en prys.** Moenie jou probleme loof en prys nie, verklaar die oplossings in jou gebed en wys jou geloof dan deur God daarvoor te loof en te prys. Profeties.
- **Lofprysing verander hopeloosheid na hoop.** Dit verander ongeloof na geloof.
- **Besluit wat jy bereid is om te doen om dieper te groei?** Minder televisie kyk, meer Woord lees, cd's van preke bestel en in jou motor luister. Dit het God nie 'n prys gekos, tot Hy gesê het "ek het jou lief" nie.
- Wat gaan ek en jy doen, om te verseker, dat wanneer ons by hierdie kerkgebou uitstap, ons nie die Woord vergeet nie, ons nie terugval in ou gewoontes nie: **Besluit wat jy wil hê. Lewe van oorwinning?** Pas dan dadelik God se Woord toe in jou lewe. Jy moet God soek met alles wat jy het. Dit moet by jou 'n passie wees, want dit kos 'n prys. Iemand wat nie 'n passie vir God het nie, is nie bereid om die prys te betaal nie.
- **Woordstudie:** Begin deur die name wat die karakter van God weerspieël te leer ken. Lees verhale in die Bybel en sien hoe God gewerk het en weet dat Hy vandag nog dieselfde God is. Lees die Nuwe Testament en sien wat JESUS vir ons bewerk het aan die kruis. Dit alles gee ons redes om God te loof en te prys.

Gedurende die 2de Wêreld oorlog was Dr. Victor Frankl, 'n Jood in die Nazi kamp aangehou. Sy vrou, kinders en ouers was almal vermoor in die Holocaust. Op een stadium sny die wagte sy ring van sy vinger af. Toe dit gebeur sê Frankl vir himself: ***"You can take away my wife and children, you can strip me of my clothes and my freedom, but there is one thing no person can ever take away from me-and that is my freedom to choose how I will react to what happens to me"***